Goeie Nuus
Maandblad van die
Ned Geref Kerk Meyerspark
Jaargang 20 Nommer 1
Februarie 2023

## PAASSIKLUS IN DIE KERKLIKE JAAR

Die kerklike jaar is die viering van God se genade en liefde. Ons vier God se ingryping in die geskiedenis van die mensdom waardeur Hy sy liefde en genade konkreet en sigbaar maak. Hierdie viering wentel veral om die lewe, sterwe en opstanding van Jesus Christus. Deur dit te vier, word dit deel van ons wese en bestaan.

Ons het vandag die voorreg om terug te kyk op twee millenia se ryk liturgiese tradisies. Verskeie tradisies het met die loop van eeue ontwikkel en ons kan put uit 'n verskeidenheid simbole, rituele en liturgieë. Binne ons gereformeerde tradisie speel die die Woord van God altyd die sentrale en leidende rol.

Die vroeë christelike geloofsgemeenskap het van die begin af die behoefte gehad om saam te kom en in hulle geloof versterk te word deur mekaar te herinner aan dit wat God in hulle midde gedoen het. Aanvanklik het hulle elke dag bymekaar gekom vir die "gemeenskaplike maaltyd" (Hand 2:46) en later een maal per week op 'n Sondag, die "dag van die Here" (vgl Op 1:10). Op diè dag het hulle die Here Jesus se opstanding en sy verskynings aan mense gevier. Daar kan met reg gesê word dat die kerklike jaar sy oorsprong in hierdie weeklikse viering van die opstanding het.
Die Joodse Christene het aanvanklik steeds voortgegaan om die Joodse Paasfees te vier.

Ná die kruisiging en opstanding van Christus was hierdie viering met nuwe betekenis gevul. In 1 Korintiërs 5:7-8 sien ons dat Paulus reeds die verband tussen die Joodse paasfees en Jesus se versoeningswerk gelê het.

Dit was dus 'n natuurlike ontwikkeling om elke jaar Jesus se sterwe en opstanding saam met die Joodse paasfees te herdenk. Daar is getuienis dat dit reeds teen die middel van die tweede eeu op sekere plekke gebeur het. Justus die Martelaar (100-165 nC) maak daarvan melding en Biskop Soter (166-174 nC) het dit in sy tyd in Rome ingestel. Die datum van hierdie viering is dan ook gekoppel aan die datum van die paasfees (14 Nisan). Hierdie voorbereiding het 'n tydperk van vas en toewyding behels. Hoewel aanvanklik net die dopelinge gevas en hulleself voor God verootmeodig het, het diegene wat hulle begelei het, dit ook begin doen. Weldra het almal wat deel van die gemeente was, ook hieraan begin deelneem. So het 'n tyd van voorbereiding met die oog op die viering van Paasfees 'n instelling geword. Mettertyd het veral die week voor Paasfees besondere klem ontvang en is dit ingerig as 'n tyd van vas.

Die viering van wat vandag bekend staan as die Groot Lydensweek (of Heilige Week), het 'n baie vroeë oorsprong. Die vier evangelies wy 'n buitengewoon groot deel van hulle vertellings aan die gebeure van hierdie week. Dit dui daarop dat dit reeds teen die tweede helfte van die eerste eeu 'n belangrike rol gespeel het

## PAASSIKLUS IN DIE KERKLIKE JAAR VERVOLG

in die herinneringe van die vroeë Christene. In die reisverhaal van die Spaanse non, Egeria, wat in die tagtiger jare van die derde eeu geleef het, lees ons van die vieringe tydens die Groot Lydensweek in Jerusalem wat in groot besonderhede ooreenstem met die hedendaagse praktyk: die viering van Jesus se intog in Jerusalem (Palmsondag), die dienste op die Maandag, Dinsdag en Woensdag, die nagmaalsdiens op Donderdag, die stasis van die kruis op Goeie Vrydag, die doopgeleentheid tydens die Paaswaak, sowel as die dienste gedurende Paasoktaaf (Paassondag tot en met die volgende Sondag). Hierdie gebruike het vinnig na die res van die vroeë kerk versprei.

Lydenstyd staan nie los van Paasfees nie, maar is juis 'n tyd van voorbereiding vir die viering daarvan. Jesus se veertig dae in die woestyn vorm die agtergrond en patroon van Lydenstyd. Die viering van Lydenstyd gaan van die veronderstelling uit dat Jesus gedurende hierdie veertig dae in die woestyn alles uit die weg moes ruim wat sy roepongsvervulling kon verhinder. In navolging van Jesus het die praktyk ontstaan om Lydenstyd in te rig as 'n besondere tyd van hertoewyding en roepingsvernuwing.

**ASWOENSDAG**

Die vroegste aanduiding van die viering van Aswoensdag vind ons in die begin van die elfde eeu. Die naam kom van die Latyn dies cinerum wat "dag van asse" beteken. Op Aswoensdag val die klem op die sterflikheid van die mens en op belydenis van sonde. Op hierdie dag word daar soms 'n houtkruis in die kerkgebou aangebring wat gedurende die hele Lydenstyd 'n sentrale fokuspunt van elke erediens vorm.

Op Goeie Vrydag of die voorafgaande Donderdag kan dit met 'n doek bedek word en op Paassondag met blomme. Die liturgiese kleur vir Aswoensdag is grys. Die kleur vir die res van Lydenstyd is pers, maar dit verader na bloedrooi vir die Groot Lydensweek wat op Palmsondag begin.

Die vernaamste gebruik op Asowoensdag is dat gelowiges as-kruise op hulle voorkoppe of op hulle hande dra. Die as word voorberei uit die as van die vorige jaar se plamtakke wat tydens Palmsondag gebruik is, en olyfolie.

(Geneem uit: Handleiding vir die erediens)





# Nuus van die Vrouebediening



**Hierdie is 'n hartlike uitnodiging aan al die lesers van die Goeie Nuus!**

Kom ontmoet vir Jak de Priester en kom kuier saam met ons in die NG Kerksaal, Meyerspark, Erasmusstraat 221 DV op SATERDAG 25 FEBRUARIE om 10:00. Die belangrikste is om na hom te kom luister – grepe uit sy lewenrsreis, sy inspirasie en 'n mengelmoes van al sy gewilde liedjies sal jou sommer in 'n vrolike gemoedstemming plaas!

Jak is reeds vir byna 21 jaar deel van die Afrikaanse musiekwêreld – 'n sanger wat sy merk gemaak het met 'n wye verskeidenheid van liedere.

In 2014 val 'n besondere eerbewys hom te beurt – hy kry 'n liedjiebord in die FAK se Liedjietuin. Sy liedjie oor die geliefde soetigheid "Sally Williams Nougat" het hom vir die eerste keer in die kollig geplaas. Die FAK Liedjietuin by die Voortrekker Monument is in samewerking met Ludwig's Rose opgerig. Dit bevat meer as 220 naamrose wat aan bekende SA kunstenaars opgedra is met 'n bordjie waarop die lirieke van die liedjies verskyn. Jak se "Sally Williams Nougat" pryk nou ook tussen al die ander bekendes.

Kaartjies vir die konsert kos R60.00 per persoon en is beskikbaar op die volgende paar Sondae na die erediens, in die week by die kerkkantoor of by Vrouebediening bestuurslede.

Daar is geen sitplekbesprekings nie, kom dus teen 09:30 om jou sitplek in te neem.




Neem my HANDE, maak hul sterk – diensbaar in U goeie werk ( Lied 308:2)



Op ons eerste vergadering van die jaar het ons hierdie embleem bekend gestel wat ons voortaan in al ons berigte gaan gebruik. Hou gerus weekliks die Basuin dop waar ons al die inligting sal deurgee.

**Ons gebed vir 2023:**

Here, help my om elke nuwe dag te vul met goeie goed, om te vergewe, lief te hê, meer dankbaar te wees en om met al ons besluite eers op te kyk na BO!



## *My ouma het altyd gesê...*

1. *Moenie gaan waarheen jy nie uitgenooi is nie.*
2. *Moenie praat oor goed waarvan jy niks weet nie.*
3. *Moenie inmeng by dit waar jy nie betrokke is nie.*
4. *Moenie die yskas in iemand anders se huis oopmaak nie.*
5. *Moenie na 22:00 bel nie.*
6. *Moenie gedurende middagete by iemand opdaag nie.*
7. *Moenie iemand se kamer binnegaan sonder toestemming nie.*

*Hierdie was die reëls van goeie maniere, en dit is steeds geldig want maniere raak nie uit die mode nie.*

# Ateïsme

Die benaming, ATEÏSME, is ontleen aan die Griekse a-theos, wat beteken "sonder-god". Dit staan teenoor die woord, TEÏSME, wat beteken "die geloof in God".

Daar is twee vorms van ateïsme:

- Agnostiese ateïste beweer dat God dalk mag bestaan en berus op rasionalisme, wat beteken "dit wat redelik bewys kan word". Hulle kan nie die bestaan van God bewys nie, dus glo hulle nie regtig in hom nie, want mens kan nie die betaan van God bewys nie – jy kan net onvoorwaardelik glo dat Hy bestaan.
- Sterk, of "eksplisiete", ateïste ontken die bestaan van God geheel en al en hulle staan die geloof in God aktief teen.

Redes wat ateïste aanvoer sluit in:

- Sekularisme, wat beteken afsydigheid, verwerping of uitsluiting van godsdiens en godsdienstige oortuiging.
- Die "probleem" van onregverdige lyding in die wêreld, wat hulle moeilik met 'n voorsienige God kan vereenselwig.

Die vroegste vorm van ateïsme het in ou Indiese geloofstelsels, o.a. boeddisme, ontstaan. Die antieke Griekse filosowe het reeds vroeg 'n wetenskaplike vorm van ateïsme ontwikkel, wat gode as menslike skeppings voorgestel het. Hierdie siening is slegs deur 'n klein aantal intellektuele denkers voorgestaan. In die westerse filosofie, egter, het ateïsme tot 'n duidelik geformuleerde hipotese ontwikkel, op grond van drie hoogs debatteerbare veronderstellings:

- Die Christelike geloof het die natuur op die agtergrond geskuif.
- Ontwikkeling van moderne wetenskappe het die ontstaan van lewe verklaar tot 'n mate wat die betrokkenheid van 'n Goddelike wese onnodig maak.
- Die ontwikkeling van die humanisme het daartoe gelei dat die geloof in 'n Goddelike wese nie meer versoenbaar met die vrye selfbeskikking van die mens is nie.

Vandag is ateïsme aan die toeneem - a.g.v. die vooruitgang van die wetenskap en die idee dat God nie nodig is in die lewens van mense nie, omdat "die mens vir homself kan sorg" en "God nie nodig het nie". Die moderne klem op die humanisme en menseregte is ook 'n bydraende faktor in baie moderne mense se verwerping van God omdat "godsdiens strydig is met die moderne mens se lewenswyse" en daar dus nie "plek is vir God" in die moderne lewe nie.

Dit is geheel en al strydig met ons as belydende Christene se geloof in God en sy daaglikse invloed op ons elkeen se lewens en die wete dat Hy in beheer is. Ons gaan vanjaar fokus op baie lande waar ateïsme 'n probleem word of is en vir hulle bid; hulle aan die Here opdra en bid dat die vooruitgang van hierdie euwel in die wêreld gestuit sal word.

# MAANDELIKSE GEBEDSBYEENKOMS

Iewers in 2006 hoor ek een Sondagoggend hoe inwoners van die Orange Farm getuig hoe al die kerke daar saamgekom het om te bid oor hulle misdaadprobleem en hoe God hulle gebede verhoor het. Op daardie stadium het Meyerspark ook 'n baie groot misdaadprobleem gehad. Dit was die tyd toe staalpalisades dag na dag in ons buurt opgespring het. Ek praat met ds Dirk Venter en ons besluit om alle kerke in ons omgewing te kontak vir 'n soortgelyke gebedsaksie. So kontak ons die susterskerke en vele ander - Lewende Woord, AGS Houtkruis, die Katolieke kerk in Silverton, Hatfield Christian Church, Die Evangelies Lutherse kerk. Ons staan bekend as die Prayer Initiative for Pretoria East.

Die eerste gesamentlike gebedsbyeenkoms vind plaas op 4 Oktober 2006. Die tema - Misdaad. Die enigste plek wat groot genoeg is om al die bidders te huisves, is die saal van Laerskool Meyerspark. Ons kom maandeliks byeen en elke keer het 'n ander kerk die voorreg om die gebed te lei.

En God het ons gebede verhoor op 'n manier wat niemand verwag het nie. Ses maande later word die Meyerspark Buurtwag in 2007 gestig en dit was nie lank nie of die misdaad het drasties afgeneem. Hierdie buurtwag is sekerlik een wat van die Here afgebid is. Wanneer julle buurtwaglede julle patrolliebeurte waarneem, bedags of snags, dink daaraan dat julle in diens van die Here staan en dat julle Hom vrymoedig kan vra om jou beurt saam met jou waar te neem.

Mettertyd het van die kerke onttrek. Vandag is dit nog net ons gemeente en Hatfield Christian Church wat deel is van die byeenkoms wat steeds maandeliks in ons kerk plaasvind.




Die gebedstemas is al lankal nie meer net misdaad nie. Die regering, regstelsel, ekonomie, Eskom en sulke sake word deel van ons gebedsfokusse. Daar is egter ook temas wat ons geloofslewe raak - dankbaarheid, hoop, die vervolgde kerk, kerkeenheid, geloof in teenspoed.

Vanjaar is die agtiende jaar wat hierdie maandelikse gebedsbyeenkoms voortgesit word. Die gebedstemas is gebaseer op Ef 3:14-21. Elke vers het 'n gebedstema of selfs twee. Die temas is die volgende:

- Dankbaarheid vir 2022 en seën vir 2023,
- Innerlike krag,
- Geloofsgroei en geloofsekerheid,
- Liefde van Christus,
- Omvang van God se liefde,
- Vervulling met God se volheid,
- God se almag,
- Lof aan God,
- Dankbaarheid vir 2023 en voorbidding vir 2024.

Elkeen van die temas word ook aangevul met sake wat op daardie stadium aktueel is. Ons moet byvoorbeeld nou al begin bid dat volgende jaar se algemene verkiesing nie deur bose magte geskaak word nie.

Die Sondag voor elke gebedsbyeenkoms word gebedsriglyne vir die gebedsfokus beskikbaar gestel by die kerk se hoofingange. Neem dit asseblief al kan u nie die gebedsbyeenkoms bywoon nie. Na goeie oorweging is besluit om die byeenkomste hierdie jaar te hou op gewoonlik die tweede Maandagoggend van die maand van 10:00 tot 11:30. U kan die gebedsriglyne ook per e-pos ontvang.

Kontakpersoon:
Wessel Rossouw 073 248 4860.

Kom ons word 'n gemeente wat saam ons harte voor ons Almagtige Vader uitstort. Hy het ons al verhoor en sal dit ook weer doen.